ParaatheidGr 3(a)

Graad 3

A DOEL

Om die Penkop en Drawwertjie:

1. Met kennis en vaardigheid toe te rus om in 'n krisissituasie op te tree
2. Op te lei om selfstandig op te tree as daar geen volwassene is om by raad te vra of hulp te kry nie.

B VEREISTES

Die Penkop en Drawwertjie moet:

1. Die telefoonnommers van syouers, bure, ander familie, polisie en brandweer ken.
2. Die volgende in die huis kan doen:
   - Weet hoe om 'n telefoon te beantwoord.
   - Die voordeurklokkie beantwoord en weet wat die moontlike gevare is.
   - 'n Kers aansteek en veilig hanteer.
   - Batterye in 'n flits insit.
   - Weet waarom dit belangrik is om aan die huismense te sê waarheen hy gaan.
3. Bewus wees van die gevare van paraffien- en gaslampe
4. Weet hoe om 'n oproep te maak van 'n private- en openbare telefoon asook ‘n selfoon.
5. Weet hoe om op te tree in die volgende situasies:
   - Skietaanval.
   - Stormloop van mense.
   - Inbraak.
   - Kragonderbreking.
   - Elektriese storm.
   - Kaping.
   - ‘n Skielike siekte tuis byvoorbeeld ‘n hartaanval van ‘n ouer.
6. Die volgende noodhulp kan toepas totdat hulp opdaag:
   - 'n Sny- en skuurwond behandel en die bloed stelp.
   - Iemand wat flou geword het, kan help.
7. Die gelykenis van die tien meisies lees en die volgende bespreek: (Matteus25:1-13)
   - paraatheid aan hand van die Bybel.
   - hoekom daar ‘n lampie op die kenteken is.

C AANBIEDING

1. Die nommers op ‘n kaartjie geskryf of gedruk, verkieslikgelamineer en naby die telefoon gehou. Hulle moet ook die belangrikste nommers memoriseer.
2. Demonstreer prakties en gee daarna geleentheid dat die kind dit self doen. Die kind moet besef dat dit vir sy eie veiligheid so gedoen word. Lê klem op die veilige hantering van vuurhoutjies.
3. Deur middel van gesprek en demonstrasie die korrekte en veilige gebruik van parafien- en gaslampe verduidelik. Wys die gevare van apparate uit.
4. Demonstreer prakties. Wys ook op die verskille tussen 'n munt- en 'n kaartfoon.
5. Wanneer die spesialisasie behandel word, word van die standpunt uitgegaan dat die kind nie saam met 'n volwassene is wanneer die krisis plaasvind nie. Die kind moet so toegerus word dat hy sy eie veiligheid kan verseker.
6. Demonstreer wat gedoen moet word en gee dan vir elkeen geleentheid om 'n "denkbeeldige" pasiënt te behandel. Moet dit nie net een maal doen nie. Gee geleentheid vir gereelde oefening.
7. Opdrag duidelik.